# Hulp en Hoop

Kwartaal 2

Julie 2020

**KERKKANTOOR**
PostNet Suite # 50
Privaatsak X 2449
Mokopane 0600
Tel / Faks : (015) 491 3537

Finansiëel :
Truly Truter
fin@ngpottiessuid.org.za

Administrasie :
Anita Hurn
admin@ngpottiessuid.org.za

**LERAARS**
**Ds Jacques Erasmus**
072 653 9845 /
015 491 3539 (h)
**Kantoor-ure 015 004 2630 (jeughuis)**
jacques@ngpottiessuid.org.za

**Ds Madelein Bakker**
072 605 1113
**Kantoor-ure 015 004 2630 (jeughuis)**
mads.strydom@gmail.com

**BESOEK ONS GERUS OP ONS WEBBLAD**
www.nghulpenhoop.co.za
www.facebook.com/nghulpenhoopgemeenskapskerk

**GEDENKTUIN NAVRAE**
Besoek die kerkkantoor

## In die uitgawe

Waarvoor ek dankbaar is - Ons jongmense skryf 2

Gemeente foto's - Paasfees en Liefdesmaal 3

Gemeente foto's - Die nuwe normaal 4



## OORSPRONG VAN DIE EREDIENS

Eredienste vandag lyk baie anders as in die vroeëkerk se tyd, om en by 300 n.C. – 800 n.C. Tog het verskillende kerke dikwels dieselfde elemente van erediens. Die vroeëkerk het tog 'n baie groot invloed op die kerke van vandag.

Waarom verwys ek na die "gevestigde" vroeëkerk en waarom het dit eers in 300 n.C. begin? Kerk het natuurlik alreeds bestaan met die eerste persone wat Jesus Christus begin volg het. Ons moet egter onthou dat hulle nie gesien was as 'n ander geloof as die Jode nie. Hulle was gesien as 'n sekte binne die Joodse geloof. Hulle was Jode wat geglo het dat Jesus Christus as die Messias aarde toegekom het en dat redding slegs deur Hom moontlik is.

Die Romeinse Ryk het groten deels die wêreld begin oorheers en meeste bevolkings was onder die mag van die Romeine. Tot en met 313 n.C. was die Christene vervolg en op walglike manière dood gemaak want Christenskap was as onwettig gesien in die Romeinse Ryk. Keiser Konstantyn het in 306 n.C. aan bewind gekom en in 313 n.C. het hy die Christelike geloof as wettig verklaar. In 321 n.C. het Konstantyn die Sabbatdag verander van die Saterdag, na die Sondag, die eerste dag. Jesus het op die Sondag uit die dood uit opgestaan en daarom het dit 'n dag van feesviering vir die Christene geword. Christenskap het die staatsgodsdiens geword. Biskoppe is aangestel as geestelike leiers oor verskillende kerke en areas. In die jaar 325 n.C. was die eerste Sinode gehou bekend as die Sinode van Nicea.

In die gevestigde kerk van Rome vind ons baie ooreenkomste met hoe ons vandag ons eredienste inrig. Hulle het spesifieke plekke gehad wat hulle Heilige plekke was. Die samekomste van die gelowiges in die Heilige plek van aanbidding was gesien as 'n ontmoetingsplek van die mens en die engele. Dit het nie net oor die kognitiewe ervaring gegaan nie maar ook oor die geestelike belewenis.

Jesus het ons nooit gesê hoe ons eredienste ingerig moet word nie. Ons weet Hy het ook saam sy dissipels gesing en Hy het hulle geleer bid en die Woord uitgelê. Daarom weet ons hierdie is ook belangrike elemente vir God. Maar ons moet ook versigtig wees om oorgelewerde gebruike belangriker te maak as God se wet van liefde vir God en liefde vir ons naaste. As ons besef die erediens self het ook nie so uit die hemel uitgeval nie dan kan ons ook onderskeid tref tussen wat heilig is en wat oorgelewerde gebruike van mense is.

In hierdie tyd van Covid19 help dit ons weer besef dat daar waar gelowiges die God van die heelal aanbid, daar is dit heilige grond.

## VOEDSEL HULP - 'N REALITEIT

Met die aankondiging van die grendeltyd in Maart, het dit sedertdien al hoe meer finansieel begin sleg gaan met ons besighede maar sowel as die gewone man op straat. Agv omstandighede is baie besighede genoodsaak om hul deure toe te maak wat ook beteken dat die werkloosheidsyfer by die dag groei.

Voedselnood het in die tyd geweldig toegeneem. Rolspelers in ons gemeenskap het hande gevat om hulp aan behoeftiges te koördineer en van een sentrale punt af, te laat gebeur. Ongelukkig is fondse en donasies uitgeput en moes die diens gestaak word. Maar ons mense is honger en die nood bestaan!

Ons as gemeente het 'n verantwoordelikheid om gesinne en kinders in nood by te staan, maar ons het ook 'n verantwoordelikheid om dit op 'n verantwoordbare manier te doen.

Die Ekologie aksie van die gemeente het einde verlede jaar 'n projek aangepak met die oprig van 'n kweekhuis op die terrein. Die idée was om die struktuur toe te rus vir die kweek van inheemse plante en bome, asook om as uitstalruimte te dien vir tegnieke om groente in klein areas of in jou tuin te kweek en ook tegnieke om water te spaar of om kompos te maak. Maar die projek was tydelik op die ys geplaas agv die groot waterkrisis in die dorp.

Met met die voedselnood wat tans aan die groei is, is besluit om wel voort te gaan om die kweekhuis in te rig in 'n volhoubare groentetuin, waaruit ons groente aan behoeftiges kan voorsien.

Ons wil graag hierdie groentetuin projek voort sit by ons lidmate wat ons kan help met die plant van groente in hul eie tuin. Groente kan geoes word en dan na die kerk gestuur word sodat dit aan behoeftiges uitgedeel kan word.

Op Maandag 3 Augustus het die eerste beplannings vergadering plaasgevind en verskeie persone het aangemeld om deel te word van die projek. Skakel gerus met ds Jacques indien jy nog betrokke wil raak.

Die ondersteuning wat ons reeds vanuit ons kerkgemeenskap ontvang, laat ons in diepe dankbaarheid. Kom ons wees in hierdie nuwe normaal die hande en voete van ons Here Jesus vir 'n stukkende wêreld!

## SNAPSCAN IS UITEINDELIK HIER!

'n Veilige manier van betaling (geen Kaarte, Kontant of EFT)
Laai die toep af op jou foon!.

Gebruik die SnapScan kode hierbo om betalings direk aan NG Hulp en Hoop te maak!

Maandelikse bydraes kan ook op die volgende maniere gedoen word:

* ***Debietorderfasiliteite***
* ***Internetbetaling***
* ***Debietkaartfasiliteite***

Kontak gerus die kerkkantoor vir meer inligting.

SnapScan
NG HULP EN HOOP


PXMP90094
Snap here to pay

# Covid-19 Inperking



Ons gemeente reis saam deur die Covid 19 Inperkig. Ons land en sy mense is ingeperk vanaf vlak 5 en tans vlak 3…

**Maar God se liefde en genade het geen perke nie! Lidmate deel hul foto's en ervaringe.**



Jonika waarvoor ek dankbaar is
1 'n Huis om in te bly
2 'n Bed om in te slaap
3 'n Mammy en 'n Pappa
4 My 2 wonderlike sussies
5 Honde wat ons beskerm
6 Dat ek aan die Here kan glo
7 Klere om aan te trek
8 Kar om in te ry
9 Vir vriende
10 Om 'n Bybel te kan hê
11 Om kerk toe te kan gaan
12 Dankie vir 'n begin
13 Vir elke nuwe dag
Amen!


Waarvoor ek dankbaar is
1. 'n Huis om in te bly
2. 'n Bed om in te slaap
3. 'n Mammy en 'n Pappa
4. My 2 wonderlike sussies
5. Honde wat ons beskerm
6. Dat ek aan die Here kan Glo
7. Klere om aan te trek
8. Kar om in te ry
9. Vir vriende
10. Om 'n Bybel te kan hê
11. Om kerk toe te kan gaan
12. Dankie vir 'n begin
13. Vir elke nuwe dag

Amen! Jonika


## WAARVOOR EK DANKBAAR IS

Hes en Frikkie vra gedurendie die inperking vir ons jongmense om te sê waarvoor hulle dankbaar is. Baie dankie vir die jongmense wat hierdie mooi briefies ingestuur het! (Weens fotokwaliteit word die briefies oorgetik)


Luarike Waarvoor ek dankbaar is
1 Bed om in te slaap
2 Huis om in te bly
3 Vir sussies
4 Klere om aan te trek
6 Mamma en 'n pappa
7 Kar om in te ry

Waarvoor ek dankbaar is
1. Bed om in te slaap
2. Huis om in te bly
3. Vir sussie
4. Klere om aan te trek
5. Mamma en 'n papa
6. Kar om in te ry

Luarike


Dankie Liewe Jesus vir:
'n Mamma en 'n Pappa
2 oulike sissies
'n wonderlike ouma
en al my oumas en oupas
'n dak oor ons kop elke dag
kos om te eet.
Klere om aan te trek
'n bed om in te slaap
vertroue in U
Liefde
'n bybel dat ons meer van U kan leer
maatjies




DANKIE LIEWE JESUS VIR:
'n Mamma en 'n Pappa
Twee oulike sissies
'n wonderlike ouma en al my oumas en oupas
'n dak oor ons kop.
Elke dag kos om te eet
Klere om aan te trek
'n Bed om in te slaap
Vertroue in U
Liefde
'n Bybel dat ons meer van U kan leer
Maatjies

Johané




**SEUNTJIE :**
"WAT HET JY HIERDIE LOCKDOWN GEMAAK?"

**FRIKKIE:**
"EK HET SOMMER NET BIETJIE UITGEHANG"

DANKBAAR

| Jaco James | Ava |
|---|---|
| Speelgoed | Mamma en Pappa |
| Sussie | Bed |
| Mamma | Kos |
| Klere | Skool |
| Maatjies | Ouma Oupa |
| Sweets | Maatjies |
| Bed | Diere |
| Sterk is "Muscles | Sport |
| Fietse | Buite speel |








## Paasfees en Liefdesmaal-vrieringe










## Sonsopkoms Paassondag







"Ons Nelle het die Son ingewag! So mooi om nog steeds deel te kan wees van hierdie groot gebeurtenis!" - Ronel Nel


"Jesus het waarlik opgestaan! - Linda Venter



*'N LIDMAAT HET DIE FOTO VAN DIE SKILDERY AANGESTUUR MET DIE VOLGENDE BOODSKAP…*

*"DIE SKILDERY LAAT MY DINK AAN DIE 3 VROUE WAT DAARDIE SONDAG IN JESUS SE GRAF WAS… MARIA MAGDALENA, JOHANNA EN MARIA. WONDERLIK OM TE BESEF DAT JESUS JUIS VROUE GEBRUIK OM SY LEWENDIGE WOORD DIE WELD IN TE MAG VAT.*

*GESEËND IS ONS VROUE!!!*




*MAG BARMHARTIG-HEID, VREDE EN LIEFDE IN OORVLOED AAN JULLE GESKENK WORD! Judas 1:2*



